iPrEx-Studie: In 'n kliniese studie van MIV-1 seronegatiewe mans, wat seks gehad het met mans, was geen substitusies van aminosuur geassosieer met weerstandigheid teen emtrisitabien of tenofovir ten tye van serokonversie onder die 48 proefpersone in die emtrisitabien en tenofovir DF-groep en 83 proefpersone in die plasebogroep, wat tydens die studie met MIV-1 besmet geraak het nie. Daar was tien proefpersone waargeneem wat ten tye van die registrasie met MIV-1 besmet was. Die M184V/I substitusies wat met weerstandigheid teen emtrisitabien geassosieer word, is by 3 van die 10 proefpersone (2 uit 2 in die emtrisitabien/tenofovir DF-groep en 1 van 8 in die plasebogroep) wat MIV-1 positief was ten tye van registrasie, waargeneem. Een van die twee proefpersone in die emtrisitabien/tenofovir DF-groep het by registrasie 'n wildetipe virus gehad en het 4 weke na registrasie die M184V-substitusie ontwikkel. Die ander proefpersoon het onbepaalde weerstand by inskrywing gehad maar het 4 weke na registrasie die M184I-substitusie gehad.

Vennote-PrEP-studie: In 'n kliniese studie van MIV-1 seronegatiewe vennote van heteroseksuele paartjies waarvan een van die vennote met MIV-1 besmet was, was geen variante wat uitdrukking gee aan aminosuur substitusies wat geassosieer word met weerstandigheid teen emtrisitabien of tenofovir ten tye van serokonversie onder 12 proefpersone in die emtrisitabien/ tenofovir DF-groep, 15 proefpersone in die tenofovir DF-groep, en 51 proefpersone in die plasebogroep, waargeneem nie. Veertien proefpersone was met MIV-1 besmet ten tye van die registrasie (3 in die emtrisitabien/ tenofovir DF-groep, 5 in die tenofovir DF-groep, en 6 in die plasebogroep). Een van die drie proefpersone in die emtrisitabien/ tenofovir DF-groep wat by registrasie al met die wildetipe virus besmet was, het teen week 12 'n M184V-uitdrukkende virus geselekteer. Twee van die vyf proefpersone in die tenofovir DF-groep het tenofovir-weerstandige virusse ten tye van serokonversie gehad; een proefpersoon wat besmet was met wildetipe virus by inskrywing, het 'n K65R-substitusie teen week 16 ontwikkel, terwyl die tweede proefpersoon 'n virus gehad het wat die kombinasie van D67N en K70R substitusies na serokonversie teen week 60 gehad het, hoewel basislyn virus nie gegenotipeer was nie en dit nie duidelik was of die weerstandigheid ontstaan het, of oorgedra is nie. Na registrasie het 4 proefpersone (2 in die tenofovir DF-groep, 1 in die emtrisitabien/tenofovir DF-groep en 1 in die plasebogroep) virus-uitdrukking van K103N en V106A substitusies gehad, wat hoëvlak weerstandigheid verleen teen nie-nukleosied trutranskriptaseremmers, maar wat nie met tenofovir of emtrisitabien geassosieer was nie, en wat in die infekterende virus teenwoordig kon wees.

Kruisweerstandigheid:

Emtrisitabien en tenofovirdisoproksielfumaraat: Kruisweerstandigheid onder sekere nukleosied trutranskriptase inhibeerders (NRTI's) is vasgestel. Die M184V/I en/of K65R substitusies wat *in vitro* deur die kombinasie van emtrisitabien en tenofovir geselekteer is, word ook gesien in sommige MIV-isolate van pasiënte in wie die behandeling met tenofovir in kombinasie met óf lamivudien, óf emtrisitabien, en óf abakavir óf didanosien misluk het. Kruisweerstandigheid tussen hierdie middels kan dus voorkom by 'n pasiënt wie se virus enige een of beide van hierdie aminosuur substitusies huisves.

Emtrisitabien: Emtrisitabien-weerstandbiedende isolate (M184V/I) het kruisweerstandigheid teen lamivudien en salsitabien getoon. Hierdie isolate van uitermate behandelingservare pasiënte wat die M184V/I aminosuur substitusie in die konteks van ander NRTI weerstandigheid-geassosieerde substitusies bevat, kan vatbaarheid vir tenofovir behou. MIV-1 isolate met die K65R substitusie, *in vivo* geselekteer deur abakavir, didanosien, tenofovir en salsitabien, het 'n afname in vatbaarheid vir inhibisie deur emtrisitabien getoon. Virusse wat mutasies bevat wat hulle minder vatbaar maak vir stavudien en sidovudien (M41L, D67N, K70R, L210W, T215Y/F, K219Q/E) of didanosien (L74V), bly sensitief vir emtrisitabien. MIV-1 virale isolate met die K103N substitusie wat met weerstandigheid teen NRTI's geassosieer word, was vatbaar vir emtrisitabien.

Tenofovirdisoproksielfumaraat: MIV-1 met multinukleosied weerstandigheid met 'n T69S dubbelinvoeging mutasie in trutranskriptase toon verminderde vatbaarheid vir tenofovir.

Antivirale aktiwiteit

Emtrisitabien en tenofovirdisoproksielfumaraat: In kombinasie studies wat die *in vitro* antivirale aktiwiteit van emtrisitabien en tenofovir saam geëvalueer het, is sinergistiese antivirale effekte waargeneem.

Emtrisitabien: Die *in vitro* antivirale aktiwiteit van emtrisitabien teen laboratorium- en kliniese isolate van MIV is in limfoblastoïede sellyne, die MAGI-CCR5 sellyn en perifere bloed mononukleêre selle geëvalueer. In geneesmiddel-kombinasie studies van emtrisitabien met nukleosied trutranskriptaseremmers (abakavir, lamivudien, stavudien, salsitabien, sidovudien), nie-nukleosied trutranskriptaseremmers (delavirdien, efavirens, nevirapien) en proteaseremmers (amprenavir, nelfinavir, ritonavir, sakinavir), is additiewe tot sinergistiese effekte waargeneem. Die meeste van hierdie geneesmiddel-kombinasies is nie by mense bestudeer nie. Emtrisitabien het *in vitro* antivirale aktiwiteit teen MIV-1 klades A, B, C, D, E, F en G vertoon en het stam-spesifieke aktiwiteit teen MIV-2.

Tenofovirdisoproksielfumaraat: Die *in vitro* antivirale aktiwiteit van tenofovir teen laboratorium- en kliniese isolate van MIV-1 is in limfoblastoïede sellyne, primêre monosiet-/makrofaag selle en perifere bloed limfosiete geëvalueer. In die middel kombinasie studies van tenofovir met die nukleosied trutranskriptaseremmers (abakavir, didanosien lamivudien, stavudien, salsitabien, sidovudien), nie-nukleosied trutranskriptaseremmers (delavirdien, efavirens, nevirapien) en proteaseremmers (amprenavir, nelfinavir, ritonavir, sakinavir), is additiewe tot sinergistiese effekte waargeneem. Tenofovir toon *in vitro* antivirale aktiwiteit teen MIV-1 klades A, B, C, D, E, F, G en O.

Farmakokinetiese eienskappe:

Farmakokinetika in volwassenes:

Emtrisitabien: Die farmakokinetiese eienskappe van emtrisitabien word in Tabel 1 opgesom.

Emtrisitabien: Na orale toediening van emtrisitabien (200 mg) word dit vinnig geabsorbeer; piek plasmakonsentrasies word binne omtrent 1 tot 2 uur na dosering bereik. Die *in vitro* binding van emtrisitabien aan menslike plasmaproteïene is < 4 % en is onafhanklik van die konsentrasie oor die reikwydte van 0,02 tot 200 µg/ml. Na toediening van radioaktief gemerkte emtrisitabien is ongeveer 86 % in die urien en 13 % as metaboliete herwin. Die metaboliete van emtrisitabien sluit 3'-sulfoksieddiastereomere en hulle glukoroonsuur konjugaat in. Emtrisitabien word deur middel van 'n kombinasie van aktiewe tubulêre sekresie en glomerulêre filtrasie geëlimineer. Na 'n enkele orale dosis van emtrisitabien (200 mg) is die halfleeftyd van emtrisitabien in die plasma ongeveer 10 uur.

Tenofovirdisoproksielfumaraat: Die farmakokinetiese eienskappe van tenofovirdisoproksielfumaraat word in Tabel 1 opgesom. Na die orale toediening van tenofovir word maksimum tenofovir serumkonsentrasies na 1,0 ± 0,4 uur bereik. Die *in vitro* binding van tenofovir aan menslike plasmaproteïene is < 0,7 % en is onafhanklik van die konsentrasie oor die reikwydte van 0,01 tot 25 µg/ml. Ongeveer 70 tot 80 % van die intraveneuse dosis van tenofovir word as onveranderde middel in die urien herwin. Tenofovir word deur middel van 'n kombinasie van aktiewe tubulêre sekresie en glomerulêre filtrasie geëlimineer. Na toediening van 'n enkele orale dosis van tenofovir, is die terminale eliminasiehalfleeftyd ongeveer 17 uur.

Tabel 1:

Enkeldosis farmakokinetiese parameters vir emtrisitabien en tenofovir by volwassenes[1]

	Emtrisitabien	Tenofovir
Vastende orale biobeskikbaarheid[2] (%)	92 (83,1 tot 106,4)	25 (NC tot 45,0)
Terminale eliminasiehalfleeftyd in plasma[2] (%)	10 (7,4 tot 18,0)	17 (12,0 tot 25,7)
K_{maks}[3] (µg/ml)	1,8 ± 0,72[4]	0,30 ± 0,09
AOK[3] (µg·hr/ml)	10,0 ± 3,12[4]	2,29 ± 0,69
CL/F[3] (ml/min)	302 ± 94	1043 ± 115
CL_{renaal}[3] (ml/min)	213 ± 89	243 ± 33

1. NC = Nie bereken nie.
2. Mediaan (reeks).
3. Gemiddeld (± SD).
4. Data word as waardes by ewewigstoestand aangegee.

Die effek van voedsel op orale absorpsie:

Die kombinasie tablet kan met of sonder voedsel gegee word. Toediening van die kombinasie tablet na 'n baie vetterige maaltyd (784 kkal; 49 g vet) of 'n ligte maaltyd (373 kkal; 8 g vet) het die tyd tot K_{maks} met ongeveer 0,75 uur vertraag. Die gemiddelde toenames in tenofovir se AOK en K_{maks} was onderskeidelik ongeveer 35 % en 15 %, wanneer dit saam met 'n baie vetterige of ligte maaltyd toegedien is, in vergelyking met toediening in 'n vastende toestand. In vorige ondersoeke na veiligheid en doeltreffendheid is tenofovir saam met voedsel toegedien. Daar was geen effek op die sistemiese blootstelling van emtrisitabien (AOK en K_{maks}) nadat die kombinasie tablet saam met 'n baie vetterige of 'n ligte maaltyd toegedien is nie.

Spesiale populasies:

Ras:

Emtrisitabien: Geen farmakokinetiese verskille vanweë ras is na toediening van emtrisitabien (200 mg) opgespoor nie.

Tenofovirdisoproksielfumaraat: Buiten Kaukasiërs, was daar te min ander rasse en etniese groepe ondersoek om die potensiële farmakokinetiese verskille tussen hierdie bevolkings na die toediening van tenofovirdisoproksielfumaraat voldoende te kan bepaal.

Pediatriese pasiënte:

Die farmakokinetika van emtrisitabien en tenofovir is nie ten volle by kinders (< 12 jaar met 'n gewig minder as 35 kg) evalueer nie (sien **"WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS"**).

Geriatriese pasiënte:

Die farmakokinetika van emtrisitabien en tenofovir is nie ten volle by bejaardes (> 65 jaar) evalueer nie (sien **"WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS"**).

Gebruik by pasiënte met ingekorte nierfunksie:

Die farmakokinetiese eienskappe van emtrisitabien en tenofovir is gewysig by pasiënte met ingekorte nierfunksie (sien **"KONTRA-INDIKASIES"**, **"WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS"**, **"Ingekorte nierfunksie"**). By pasiënte met kreatinienopruiming < 50 ml/min, is die K_{maks} en AOK_{∞} van beide emtrisitabien en tenofovir beduidend verhoog.

TYRICTEN 200/300 mg moet nie gebruik word by pasiënte met kreatinienopruiming < 50 ml/min of by pasiënte met eindstadium nierversaking wat dialise benodig nie (sien **"KONTRA-INDIKASIES"**, **"WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS"**, **"Ingekorte nierfunksie"**).

Moenie **TYRICTEN 200/300 mg** vir die pre-blootstelling profilakse (PrEP) indikasie by MIV-1 onbesmette individue met 'n kreatinienopruiming <60 ml/min gebruik nie (sien **"KONTRA-INDIKASIES"**, **"WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS"**).

Pasiënte met ingekorte lewerfunksie:

Die farmakokinetiese eienskappe van tenofovir, na 'n enkeldosis van 300 mg tenofovirdisoproksielfumaraat, is ondersoek by pasiënte met matig tot erg ingekorte lewerfunksie wat nie met MIV geïnfekteer is nie. Daar was geen beduidende veranderinge in die farmakokinetika van tenofovir by pasiënte met ingekorte lewerfunksie in vergelyking met pasiënte met normale lewerfunksie nie. Die farmakokinetika van die kombinasie-tablet of emtrisitabien is nie by pasiënte met ingekorte lewerfunksie bestudeer nie. Emtrisitabien word egter nie beduidend deur lewerensieme gemetaboliseer nie, die effek van ingekorte lewerfunksie behoort dus beperk te wees.

INDIKASIES

TYRICTEN 200/300 mg is aangedui in kombinasie met ander antiretrovirale middels (soos proteaseremmers of nie-nukleosied trutranskriptaseremmers) vir die behandeling van MIV-1 infeksie by volwassenes.

TYRICTEN 200/300 mg word aangedui in kombinasie met veiliger seksuele praktyke vir pre-blootstelling profilakse (PrEP) by bevestigde MIV-1 onbesmette volwassenes, om die risiko van seksueel verworwe MIV-1 by volwassenes met 'n hoë risiko te verminder; met dien verstande dat maksimum nakoming van die behandeling gemoniteer kan word.

KONTRA-INDIKASIES

TYRICTEN 200/300 mg word teenaangedui by:

- Pasiënte met voorheen bewese hipersensitiwiteit vir enige van die komponente van **TYRICTEN 200/300 mg**.
- Kreatinienopruiming (KrO) < 60 ml/min indien gebruik vir MIV PrEP).
- Kreatinienopruiming (KrO) < 50 ml/min) indien gebruik vir die behandeling van MIV-1.
- Swangerskap en borsvoeding (sien **"MENSLIKE VOORTPLANTING"**).

TYRICTEN 200/300 mg moet nie gelyktydig met ander tenofovir-bevattende produkte, of met ander emtrisitabien-bevattende produkte gegee word nie. **TYRICTEN 200/300 mg** moet nie saam met lamivudien-bevattende produkte gegee word nie, vanweë die ooreenkomste tussen emtrisitabien en lamivudien.

TYRICTEN 200/300 mg moet nie gebruik word vir pre-blootstelling profilakse (PrEP) by individue wat met onbekende of positiewe MIV-1-status nie. **TYRICTEN 200/300 mg** moet nie gebruik word by individue wat nie met volle toewyding aan die behandeling sal voldoen nie.

WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS

Daar is geen studieresultate wat die effek van **TYRICTEN 200/300 mg** op die kliniese progressie van MIV-1 aandui nie.

Dit word nie aanbeveel dat **TYRICTEN 200/300 mg** as 'n komponent van 'n drievoudige nukleosied regimen gebruik word nie.

Individue moet gewaarsku word dat volle nakoming van behandeling noodsaaklik is vir doeltreffendheid in die voorkoming van MIV-1-oordrag en hulle moet ten volle ingelig word oor die gebruik van ander voorkomende maatreëls, waaronder versperring voorbehoedmiddels (kondome).

Individue wat nie ten volle toegewyd is, of wat nie vertrou kan word om aan die vereistes vir die behandeling te voldoen nie, moet nie **TYRICTEN 200/300 mg** vir profilakse van MIV-1-oordrag gebruik nie.

Melksuurasidose/Erge hepatomegalie met steatose:

Melksuurasidose en erge hepatomegalie met steatose, waaronder gevalle van sterftes, is met die gebruik van nukleosied analoë soos **TYRICTEN 200/300 mg**, alleen of in kombinasie met antiretrovirale middels, aangemeld. Die meeste van hierdie gevalle was by vrouens gewees. Vetsug en verlengde nukleosiedblootstelling kan risikofaktore wees. Uiterste omsigtigheid is nodig wanneer nukleosied analoë, soos **TYRICTEN 200/300 mg,** aan enige pasiënt met bekende risikofaktore vir lewersiekte toegedien word; tog is komplikasies ook by pasiënte met geen bekende risikofaktore nie aangemeld. Behandeling met **TYRICTEN 200/300 mg** moet gestaak word by enige pasiënt wie se kliniese of laboratorium bevindings aanduidend is van die ontwikkeling van melksuurasidose of duidelike hepatotoksisiteit (wat hepatomegalie met steatose, selfs in die afwesigheid van opvallende toenames in transaminases kan insluit).

Melksuurasidose/Hiperlaktatemie:

Gebruik van **TYRICTEN 200/300 mg** kan lei tot potensieel noodlottige melksuurasidose, vanweë mitochondriese disfunksie.

Kliniese kenmerke is nie-spesifiek en sluit in naarheid, braking, buikpyn, dispnee, moegheid en gewigsverlies. By pasiënte met verdagte simptome of biochemie moet die veneuse laktaatkonsentrasie (normaal < 2 mmol/ℓ) en serumbikarbonaat bepaal word, waarna dan soos volg opgetree word:

Laktaat 2 tot 5 mmol/ℓ met weinige simptome: skakel oor na medisynes wat minder geneig is om melksuurasidose te veroorsaak.

Laktaat 5 tot 10 mmol/l met simptome en/of met verminderde standaard bikarbonaat: STAAK **TYRICTEN 200/300 mg** en verander die behandelingsopsie. Sodra die laktaat gestabiliseer het, gebruik medisynes wat minder waarskynlik melksuurasidose behoort te veroorsaak. Sluit ander oorsake uit, (bv. sepsis, uremie, diabetiese ketoasidose, tirotoksikose en hipertireose).

Laktaat > 10 mmol/l - STAAK alle behandeling. (80 % mortaliteit).

Die bogenoemde laktaatwaardes kan moontlik nie van toepassing wees op pediatriese pasiënte nie.

Wees versigtig wanneer **TYRICTEN 200/300 mg** aan pasiënte met bekende risikofaktore vir lewersiekte toegedien word.

Behandeling met **TYRICTEN 200/300 mg** moet by enige pasiënt met kliniese of laboratorium bevindings wat dui op die ontwikkeling van melksuurasidose of hepatotoksisiteit, gestaak word.

Pankreatitis:

Pankreatitis is by sommige pasiënte wat **TYRICTEN 200/300 mg** ontvang, waargeneem.

Pankreatitis moet oorweeg word wanneer 'n pasiënt buikpyn, naarheid, braking of verhoogde biochemiese merkers ontwikkel. Staak die gebruik van **TYRICTEN 200/300 mg** totdat diagnose van pankreatitis uitgesluit kan word.

Lewersiekte:

Gebruik van **TYRICTEN 200/300 mg** kan lei tot hepatomegalie vanweë nie-alkoholiese vetterige lewersiekte (hepatiese steatose). Die veiligheid en doeltreffendheid van **TYRICTEN 200/300 mg** is nog nie by pasiënte met belangrike onderliggende lewerversteurings/siektes bepaal nie.

Pasiënte met voorafbestaande lewerdisfunksie, waaronder chroniese aktiewe hepatitis, het 'n verhoogde frekwensie van lewerfunksieversteurings tydens kombinasie antiretrovirale behandeling en moet gemoniteer word. As daar bewys is van verslegtende lewersiekte by sulke pasiënte, moet tydelike of permanente staking van behandeling oorweeg word.

In die geval van gelyktydige antivirale behandeling vir hepatitis B of C, raadpleeg asseblief ook die betrokke verpakkingsbiljette vir hierdie medisyne

Mitochondriese disfunksie:

Nukleosied en nukleotied analoë soos **TYRICTEN 200/300 mg** is *in vitro* en *in vivo* aangetoon om 'n wisselende mate van mitochondriese skade te berokken. Daar was verslae van mitochondriese disfunksie by MIV-negatiewe babas wat *in utero* en/of postnataal aan nukleosied analoë blootgestel was. Afgesien van melksuurasidose/hiperlaktatemie (sien hierbo), behels ander manifestasies van mitochondriese disfunksie hematologiese afwykings (anemie, neutropenie), en perifere neuropatie. Sommige neurologiese versteurings wat later begin het (hipertonie, stuiptrekkings, abnormale gedrag) is aangemeld. Dit is nie bekend of die neurologiese afwykings van verbygaande aard, of permanent is nie. Enige fetus wat *in utero* aan nukleosied en nukleotied analoë blootgestel word, selfs MIV-negatiewe babas/kinders, moet klinies en met laboratoriumtoetse opgevolg word en moet volledig ondersoek word vir moontlike mitochondriese disfunksie in geval van relevante tekens of simptome.

Pasiënte met MIV en hepatitis B of C virus ko-infeksie:

Alle pasiënte met MIV moet getoets word vir die teenwoordigheid van chroniese hepatitis B virus (HBV) voordat hulle met **TYRICTEN 200/300 mg** behandeling begin. Pasiënte met chroniese hepatitis B of C en wat met antiretrovirale middels behandel word, het 'n hoër risiko vir ernstige en potensieel noodlottige newe-effekte op die lewer.

Mediese praktisyns behoort die huidige MIV-behandelingsriglyne vir die optimale bestuur van MIV-infeksie by pasiënte wat terselfdertyd ook met hepatitis B virus (HBV) besmet is, te raadpleeg.

TYRICTEN 200/300 mg word nie vir die behandeling van chroniese HBV-infeksie aangedui nie en die veiligheid en doeltreffendheid van **TYRICTEN 200/300 mg** is nie by pasiënte wat beide met HBV en MIV besmet is, vasgestel nie.

In die geval van gelyktydige antivirale behandeling vir hepatitis B of C, raadpleeg asseblief die betrokke verpakkingsbiljette vir hierdie medisyne.

Pasiënte wat tegelykertyd met MIV en HBV besmet is en wat **TYRICTEN 200/300 mg** staak, moet noulettend opgevolg word met kliniese waarneming en laboratoriumtoetse na behandeling gestaak is. By pasiënte met gevorderde lewersiekte of sirrose word staking van behandeling nie aanbeveel nie, aangesien opflikkering van hepatitis na die behandeling tot hepatiese dekompensasie en lewerversaking kan lei.

Lewerfunksie moet noukeurig gemoniteer word, deur beide kliniese en laboratorium opvolging, vir ten minste verskeie maande by pasiënte wat **TYRICTEN 200/300 mg** gestaak het en wat met beide MIV en HBV geïnfekteer is. Indien toepaslik, kan die inleiding van behandeling vir hepatitis B geregverdig wees.

Ingekorte nierfunksie:

Emtrisitabien en tenofovir word hoofsaaklik deur die niere uitgeskei.

Ingekorte nierfunksie, insluitend gevalle van akute nierversaking en Fanconi se sindroom (renale tubulêre skade met erge hipofosfatemie) is in samewerking met die gebruik van tenofovir aangemeld (sien **"NEWE-EFFEKTE"** en **"KONTRA-INDIKASIES"**).

Dit word aanbeveel dat kreatinienopruiming by alle pasiënte bepaal word voordat behandeling begin word en soos wat klinies toepaslik is tydens behandeling met **TYRICTEN 200/300 mg**. Roetine monitering van die kreatinienopruiming en serumfosfor moet uitgevoer word by pasiënte wat 'n risiko het vir verswakte nierfunksie (sien **"KONTRA-INDIKASIES"**.)

Die gebruik van **TYRICTEN 200/300 mg** moet vermy word met gelyktydige of onlangse gebruik van 'n nefrotoksiese middel.

TYRICTEN 200/300 mg moet nie toegedien word aan pasiënte met kreatinienopruiming minder as 50 ml/min of aan pasiënte wat hemodialise benodig nie en ook nie vir pre-blootstelling profilakse by pasiënte met kreatinienopruiming minder as 60 ml/min nie (sien **"KONTRA-INDIKASIES"**).

Indien 'n afname in kreatinienopruiming by nie-geïnfekteerde individue ontwikkel tydens gebruik van **TYRICTEN 200/300 mg** vir PrEP, moet **TYRICTEN 200/300 mg** gestaak word (sien **"KONTRA-INDIKASIES"**).

Pasiënte met matige tot erge ingekorte nierfunksie:

By pasiënte met matige tot ernstige verswakte nierfunksie is die terminale halfleeftyd van **TYRICTEN 200/300 mg** langer, as gevolg van verminderde opruiming. **TYRICTEN 200/300 mg** moet dus nie by hierdie pasiënte gebruik word nie (sien **"KONTRA-INDIKASIES"**).

Waarskuwings en spesiale voorsorgmaatreëls betreffende interaksies:

TYRICTEN 200/300 mg moet nie saam met bykomende emtrisitabien of tenofovir toegedien word nie (sien **"KONTRA-INDIKASIES"**).

Lamivudien:

Vanweë die ooreenkomste tussen emtrisitabien en lamivudien moet **TYRICTEN 200/300 mg** nie gelyktydig saam met ander medisyne wat lamivudien, insluitend lamivudien en sidovudien ko-formulerings, lamivudien vir MIV, lamivudien vir HBV, abakavirsulfaat en lamivudien ko-formulering of abakavirsulfaat, lamivudien en sidovudien ko-formulerings toegedien word nie (sien **"KONTRA-INDIKASIES"**).

Didanosien:

Die gelyktydige dosering van tenofovirdisoproksielfumaraat en didanosien as gebufferde tablette, of enteries-bedekte kapsules, verhoog die K_{maks} en AOK van didanosien aansienlik. Die meganisme van die interaksie is onbekend. Hoër konsentrasies van didanosien kan didanosien-verwante newe-effekte, waaronder pankreatitis en neuropatie, potensieer.

By volwassenes wat > 60 kg weeg, moet die dosis van didanosien tot 250 mg verminder word as dit saam met **TYRICTEN 200/300 mg** toegedien word. Daar is geen inligting beskikbaar om 'n aanbeveling te kan maak oor aanpassing van die dosis van didanosien by pasiënte wat < 60 kg weeg nie. Wanneer dit gelyktydig toegedien word, kan **TYRICTEN 200/300 mg** en didanosien onder vastende toestande, of met 'n ligte ete (< 400 kkal, 20 % vet) geneem word.

Gelyktydige toediening van didanosien gebufferde tablet formulering met **TYRICTEN 200/300 mg** moet onder vastende toestande geskied (sien **"INTERAKSIES"**). Gelyktydige toediening van **TYRICTEN 200/300 mg** en didanosien moet met omsigtigheid geskied en pasiënte wat hierdie kombinasie ontvang moet noukeurig vir didanosien-geassosieerde newe-effekte gemoniteer word. Didanosien moet gestaak word by pasiënte wat didanosien-geassosieerde newe-effekte ontwikkel (sien **"NEWE-EFFEKTE"**).

Atasanavir en lopinavir/ritonavir:

Daar is aangetoon dat hierdie kombinasie 'n toename in die konsentrasie van tenofovir veroorsaak. Die meganisme van die interaksie is onbekend.

Pasiënte wat atasanavir en lopinavir/ritonavir en **TYRICTEN 200/300 mg** ontvang, moet vir **TYRICTEN 200/300 mg** -geassosieerde newe-effekte gemoniteer word en **TYRICTEN 200/300 mg** moet gestaak word by pasiënte wat **TYRICTEN 200/300 mg** -geassosieerde newe-effekte ontwikkel (sien **"NEWE-EFFEKTE"**).

Tenofovir verminder die AOK en K_{min} van atasanavir (sien **"INTERAKSIES"**).

Wanneer dit saam met **TYRICTEN 200/300 mg** toegedien word, word dit aanbeveel dat atasanavir 300 mg saam met ritonavir 100 mg gegee word.

Atasanavir sonder ritonavir moet nie saam met **TYRICTEN 200/300 mg** toegedien word nie.

Medisyne wat deur die niere uitgeskei word:

Emtrisitabien en tenofovirdisoproksielfumaraat:

Aangesien emtrisitabien en tenofovir hoofsaaklik deur die niere verwyder word, kan gelyktydige toediening van **TYRICTEN 200/300 mg** met medisyne wat die nierfunksie verminder of wat kompeteer vir aktiewe tubulêre sekresie, die serumkonsentrasies van emtrisitabien, tenofovir en/of ander stowwe wat deur die niere uitgeskakel word, verhoog (sien **"INTERAKSIES"**). 'n Paar voorbeelde sluit in, maar is nie beperk tot adefovir dipivoksiel, sidofovir, asiklovir, valasiklovir, gansiklovir en valgansiklovir nie.

Takrolimus kan die nierfunksie aantas. Deeglike monitering word dus aanbeveel wanneer dit saam met **TYRICTEN 200/300 mg** toegedien word (sien **"INTERAKSIES"**).

Effekte op die been:

Beenmineraaldigtheid:

Tenofovirdisoproksielfumaraat:

Tenofovir kombinasieterapie word geassosieer met verminderde beenmineraaldigtheid.

Tydens behandeling met **TYRICTEN 200/300 mg** moet bepalings van beendigtheid (BMD) oorweeg word vir pasiënte wat 'n geskiedenis van patologiese beenbreuke het, of wat ander risikofaktore vir osteoporose, of beenverlies het. Die effek van die aanvulling met kalsium en vitamien D is nie ondersoek nie. Indien beenafwykings vermoed word, moet geskikte konsultasie verkry word. Monitering van beenmineraaldigtheid moet in ag geneem word vir MIV-besmette pasiënte met 'n geskiedenis van patologiese beenfrakture, of wat 'n risiko vir osteopenie het.

By kliniese studies op MIV-1 nie-geïnfekteerde individue is dalings in BMD ook waargeneem. In 'n pre-blootstelling studie op mans wat met mans seks gehad het (MSM), het 'n sub-studie van 503 proefpersone gemiddelde veranderinge in BMD t.o.v. die basislyn, wat gewissel het van -0,4 % tot -1,0 % oor die totale heup, rug, femorale nek en trogantergebied in die emtrisitabien/tenofovirdisoproksiel kombinasiegroep gevind, in vergelyking met die plasebogroep. Beenbreuke is by 1,7 % van die emtrisitabien/tenofovirdisoproksiel kombinasiegroep in vergelyking met 1,4 % in die plasebogroep aangemeld. Geen korrelasie tussen BMD en frakture is opgemerk nie. In 'n pre-blootstelling studie in heteroseksuele paartjies waar een van die vennote MIV-1 besmet was, is 'n soortgelyke koers van frakture gevind in die groepe wat behandeling ontvang het as by die plasebogroepe (0,8 % en 0,6 % onderskeidelik). Geen BMD ondersoeke is in hierdie studie gedoen nie. Gevalle van osteomalasie (wat verband hou met proksimale renale tubulopatie) is in assosiasie met die gebruik van tenofovir DF, soos bevat in **TYRICTEN 200/300 mg**, aangemeld (sien **"NEWE-EFFEKTE"**).

Osteonekrose:

Alhoewel die etiologie as multifaktoriaal beskou word (waaronder gebruik van kortikosteroïede, alkohol, erge immuunonderdrukking, hoër liggaamsmassa-indeks), is gevalle van osteonekrose aangemeld, veral by pasiënte met gevorderde MIV-siekte en/of langtermyn blootstelling aan kombinasie Anti-Retrovirale Terapie (cART). Pasiënte moet aangeraai word om mediese raad in te win as hulle pyne in die gewrigte, gewrigstyfheid of probleme met beweging ervaar.

Lipodistrofie en metaboliese afwykings:

TYRICTEN 200/300 mg is geassosieer met die herverspreiding/akkumulasie van liggaamsvet, waaronder sentrale obesiteit, dorso-servikale vetvergroting (buffelskof), perifere wegkwyning, wegkwyning van die gesig, borsvergroting en verhoogde serum-lipiede en glukosekonsentrasies by MIV pasiënte, en 'n "cushingagtige voorkoms" is by pasiënte wat antiretrovirale behandeling, soos **TYRICTEN 200/300 mg** ontvang, waargeneem.

Die meganisme en langtermyn gevolge van hierdie voorvalle is tans onbekend. 'n Oorsaaklike verwantskap is nie bepaal nie.

Kliniese ondersoek moet evaluering van fisiese tekens vir herverspreiding van vet insluit. Pasiënte met tekens van lipodistrofie moet 'n deeglike kardiovaskulêre risikobepaling ondergaan.

Immuunrestourasie inflammatoriese sindroom:

Immuunrestourasie inflammatoriese sindroom (IRIS) is 'n immunopatologiese reaksie, wat volg op die vinnige herstel van patogeen-spesifieke immuniteitsreaksies op voorafbestaande antigene, gekombineer met immuunsiedregulasie, wat kort na aanvang van kombinasie- Anti-Retrovirale Terapie (cART) voorkom. So 'n reaksie presenteer deur paradoksale agteruitgang van opportunistiese infeksies wat behandel word, of met ontmaskering van 'n asimptomatiese opportunistiese siekte, dikwels met 'n atipiese inflammatoriese aanbieding. IRIS ontwikkel gewoonlik binne die eerste drie maande van aanvang van ART en kom meer algemeen voor by pasiënte met lae CD4-tellings. Algemene voorbeelde van IRIS-reaksies op opportunistiese siektes is pulmonale tuberkulose, sitomegalovirus retinitis, *Pneumocystis jirovecii* pneumonie (PCP), kriptokokmeningitis en ander vorme van tuberkulose en atipiese mikobakteriële infeksies.

Geskikte behandeling van die opportunistiese siekte moet ingestel of voortgesit word en ART moet volgehou word. Inflammatoriese verskynsels klaar gewoonlik na 'n paar weke op. Erge gevalle kan op glukokortikoïede reageer, maar daar is slegs beperkte bewys daarvoor by pasiënte met tuberkulese IRIS. Outo-immuunversteurings (soos Graves se siekte) is ook as IRIS-reaksies aangemeld; die aangemelde aanvangstyd is egter meer veranderlik en hierdie gebeure kan baie maande na aanvang van behandeling voorkom.

Immuunrestourasie inflammatoriese sindroom is aangemeld by pasiënte wat kombinasie antiretrovirale terapie, waaronder **TYRICTEN 200/ 300 mg**, ontvang het. Tydens die eerste fase van behandeling met **TYRICTEN 200/300 mg** kan pasiënte wie se immuunstelsel 'n reaksie toon, 'n inflammatoriese reaksie op pynlose of residuele opportunistiese infeksies, wat verdere evaluering en behandeling kan benodig, ontwikkel.

Opportunistiese infeksies:

Pasiënte wat **TYRICTEN 200/300 mg** ontvang, moet ingelig word dat hulle steeds opportunistiese infeksies en ander komplikasies van MIV-infeksie kan opdoen en dat hulle noukeurige toesig van 'n gesondheidsorgkundige, wat ervare is met die behandeling van pasiënte met geassosieerde MIV-siekte, moet ontvang. Gereelde monitering van virusladings en CD4-tellings moet gedoen word.

Die risiko van MIV oordrag aan ander mense:

Pasiënte moet ingelig word dat huidige antiretrovirale terapie, waaronder **TYRICTEN 200/300 mg**, nie die risiko van oordrag van MIV aan ander mense deur seksuele kontak of deur bloedkontaminasie verhoed nie. Geskikte voorsorgmaatreëls moet voortdurend toegepas word.

Omvattende bestuur om die risiko om MIV-1 op te doen, te verminder:

Gebruik **TYRICTEN 200/300 mg** vir pre-blootstelling profilakse slegs as deel van 'n omvattende voorkomingstrategie, wat ander voorkomingsmaatreëls, soos veiliger sekspraktyke insluit, want **TYRICTEN 200/300 mg** is nie altyd doeltreffend om te voorkom dat MIV-1 opgedoen word nie.

- Adviseer nie-geïnfekteerde individue oor veiliger sekspraktyke, wat insluit die konsekwente en korrekte gebruik van kondome, kennis van hul MIV-1-status en dié van hul maat(s), en gereelde toetsing vir ander seksueel-oordraagbare infeksies wat MIV-1-oordrag kan fasiliteer (soos sifilis en gonorree).
- Lig nie-geïnfekteerde individue hieroor in en ondersteun hulle pogings om riskante seksuele gedrag te verminder.

Gebruik TYRICTEN 200/300 mg slegs by individue wat bevestig is om MIV-negatief te wees, om die risiko vir die verkryging van MIV-1 te verminder. MIV-1 weerstandige substitusies kan na vore kom by individue met ongediagnoseerde MIV-1 infeksie, wat slegs TYRICTEN 200/300 mg neem, want TYRICTEN 200/300 mg alleen behels nie 'n volledige behandelingsregimen vir MIV-1 nie. Daarom moet sorg gedra word om TYRICTEN 200/300 mg blootstelling by MIV-besmette individue te vermy (sien "KONTRA-INDIKASIES").

- **Heelwat MIV-1-toetse, soos sneltoetse, spoor anti-MIV-teenliggaampies op en kan nie MIV-1 tydens die akute stadium van infeksie bepaal nie. Voor aanvang van TYRICTEN 200/300 mg vir 'n PrEP-indikasie, evalueer seronegatiewe individue vir huidige of onlangse tekens of simptome konsistent met akute virale infeksies (bv. koors, moegheid, mialgie, veluitslag, ens.) en vra oor moontlike voorvalle van blootstelling (bv. onbeskermde seks, of 'n kondoom wat kon skeur tydens seks met 'n MIV-1 besmette vennoot), wat in die afgelope maand kon plaasgevind het.**
- **Indien kliniese simptome konsistent met akute virale infeksie teenwoordig is en daar was vermoedelik onlangs (<1 maand) blootstelling, vertraag die aanvang van PrEP vir minstens een maand en herbevestig MIV-1-status, of gebruik 'n goedgekeurde toets as 'n hulpmiddel by die diagnose van MIV-1 infeksie, insluitend akute of primêre MIV-1 infeksie.**
- **Terwyl TYRICTEN 200/300 mg vir 'n PrEP-indikasie gebruik word, moet MIV-1 siftingstoetse ten minste een keer elke 3 maande herhaal word. Indien simptome konsistent met akute MIV-1 besmetting na 'n voorval van potensiële blootstelling ontwikkel, moet PrEP gestaak word totdat 'n negatiewe infeksiestatus met behulp van 'n goedgekeurde toets as hulpmiddel by die diagnose van MIV-1, insluitend akute of primêre MIV-1 infeksie, bevestig word.**

Adviseer nie-geïnfekteerde individue om streng te hou by die aanbevole **TYRICTEN 200/300 mg** doseringskedule.

Die doeltreffendheid van **TYRICTEN 200/300 mg** in die vermindering van die risiko vir die verkryging van MIV-1 word sterk gekorreleer met meewerkendheid, soos aangetoon m.b.v. meetbare vlakke van die medisyne in kliniese toetse.

Vroeë virologiese mislukking:

Kliniese studies by MIV-1 besmette pasiënte het getoon dat sekere regimens wat slegs drie nukleosied trutranskriptaseremmers (NRTIs) bevat, oor die algemeen minder doeltreffend is as regimens wat twee NRTIs in kombinasie met óf 'n nie-nukleosied-trutranskriptaseremmer, of 'n MIV-1 proteaseremmer, bevat. In die besonder was vroeë virologiese mislukking en 'n hoë koers van weerstandige substitusies aangemeld.

Drievoudige nukleosied regimens moet dus met versigtigheid gebruik word. Pasiënte op 'n behandeling wat slegs 'n drievoudige nukleosied regimen gebruik, moet noukeurig gemoniteer en oorweeg word vir modifikasie van die behandeling.

Pediatriese gebruik:

Die veiligheid en doeltreffendheid by pediatriese pasiënte is nie bepaal nie.

Geriatriese gebruik :

Oor die algemeen moet die dosis vir ouer pasiënte versigtig gekies word, met inagneming van die hoër frekwensie van verminderde lewer-, nier-, of hartfunksie en van gepaardgaande siekte of behandeling met ander medisyne.

Effek op die vermoë om te bestuur en masjinerie te gebruik:

Geen studies is uitgevoer oor die effek van tenofovirdisoproksielfumaraat of emtrisitabien op die vermoë om te bestuur of masjinerie te hanteer nie. Duiseligheid is egter aangemeld tydens behandeling met beide tenofovirdisoproksielfumaraat en emtrisitabien. Pasiënte moet nie bestuur en masjinerie gebruik voordat hulle nie bepaal het hoe hulle aangetas word nie.

Laktose waarskuwing:

TYRICTEN 200/300 mg bevat laktose.

Pasiënte met die seldsame oorerflike kondisies van galaktose intoleransie bv. galaktosemie, Lapp-laktase tekort, glukose-galaktose wanabsorpsie of fruktose intoleransie moet nie **TYRICTEN 200/300 mg** gebruik nie.

Laktose kan 'n effek hê op die glukemiese beheer van pasiënte met diabetes mellitus.

INTERAKSIES

TYRICTEN 200/300 mg:

Geen interaksiestudies is met **TYRICTEN 200/300 mg** uitgevoer nie.

Die stabiele staat farmakokinetika van emtrisitabien en tenofovir was onveranderd nadat emtrisitabien en tenofovirdisoproksielfumaraat in kombinasie, versus elke middel alleen, toegedien is.

In vitro en kliniese farmakokinetiese geneesmiddel-interaksiestudies het getoon dat die potensiaal vir CYP450-gemedieerde interaksies, waar emtrisitabien en tenofovir met ander medisinale produkte betrokke was, laag is.

Emtrisitabien en tenofovir word hoofsaaklik deur die niere uitgeskei, deur 'n kombinasie van glomerulêre filtrasie en aktiewe tubulêre sekresie. Geen geneesmiddelinteraksies weens kompetisie vir renale uitskeiding is waargeneem nie. Die gesamentlike toediening van **TYRICTEN 200/300 mg** saam met medisynes wat deur aktiewe tubulêre sekresie geëlimineer word, kan egter die konsentrasies van emtrisitabien, tenofovir en/of die gesamentlik toegediende middels verhoog.

Medisyne wat nierfunksie verminder kan konsentrasies van emtrisitabien en/of tenofovir verhoog. Geen klinies betekenisvolle geneesmiddelinteraksies is tussen emtrisitabien en famsiklovir, indinavir, stavudien en tenofovirdisoproksielfumaraat waargeneem nie (sien Tabelle 2 en 3). Insgelyks is geen klinies belangrike interaksies tussen tenofovirdisoproksielfumaraat en abakavir, adefovirdipivoksiel, ribavirien, efavirens, emtrisitabien, indinavir, lamivudien, lopinavir/ritonavir, metadoon, nelfinavir, orale voorbehoedmiddels, en sakinavir/ritonavir in studies wat by gesonde vrywilligers uitgevoer is, waargeneem nie (sien Tabelle 4 en 5).

Tabel 2:

Geneesmiddelinteraksies: Veranderinge in farmakokinetiese parameters vir emtrisitabien in die teenwoordigheid van die gesamentlik toegediende medisyne [1]

Gesamentlik toegediende medisyne	Dosis van gesamentlik toegediende medisyne (mg)	Emtrisitabien dosis (mg)	N	% Verandering van emtrisitabien farmakokinetiese parameters[2] (90 % VI)		
				K_{maks}	AOK	K_{min}
Tenofovir DF	300 een keer daagliks x 7 dae	200 een keer daagliks x 7 dae	17	⇔	⇔	↑ 20 (↑ 12 tot ↑ 29)
Sidovudien	300 twee keer daagliks x 7 dae	200 een keer daagliks x 7 dae	27	⇔	⇔	⇔
Indinavir	800 x 1	200 x 1	12	⇔	⇔	n.v.t.
Famsiklovir	500 x 1	200 x 1	12	⇔	⇔	n.v.t.
Stavudien	40 x 1	200 x 1	6	⇔	⇔	n.v.t.

1. Alle interaksiestudies is by gesonde vrywilligers uitgevoer.
2. ↑ = Toename; ↓ = Afname; ⇔ = Geen effek; n.v.t. = Nie van toepassing nie.

Tabel 3:

Geneesmiddelinteraksies: Verandering in farmakokinetiese parameters vir die gesamentlik toegediende medisyne in die teenwoordigheid van emtrisitabien[1]

Gelyktydig toegediende medisyne	Dosis van gelyktydig toegediende medisyne (mg)	Emtrisitabien dosis (mg)	N	% Verandering van emtrisitabien farmakokinetiese parameters[2] (90 % VI)		
				K_{maks}	AOK	K_{min}
Tenofovir DF	300 een keer daagliks x 7 dae	200 een keer daagliks x 7 dae	17	⇔	⇔	⇔
Sidovudien	300 twee keer daagliks x 7 dae	200 een keer daagliks x 7 dae	27	↑ 17 (↑ 0 tot ↑ 38)	↑ 13 (↑ 5 tot ↑ 20)	⇔
Indinavir	800 x 1	200 x 1	12	⇔	⇔	n.v.t.
Famsiklovir	500 x 1	200 x 1	12	⇔	⇔	n.v.t.
Stavudien	40 x 1	200 x 1	6	⇔	⇔	n.v.t.

1. Alle interaksiestudies is by gesonde vrywilligers uitgevoer.
2. Toename = ↑; Afname = ↓ ; Geen effek = ⇔ ; n.v.t. = Nie van toepassing nie.

Tabel 4:

Geneesmiddelinteraksies: Verandering in farmakokinetiese parameters vir tenofovir[1] **in die teenwoordigheid van die gesamentlik toegediende medisyne.**

Gesamentlik toegediende medisyne	Dosis van gesamentlik toegediende medisyne (mg)	N	% Verandering van tenofovir farmakokinetiese Parameters[2] (90 % VI)		
			K_{maks}	AOK	K_{min}
Abakavir	300 een keer	8	⇔	⇔	NC
Adefovir dipivoksiel	10 een keer	22	⇔	⇔	NC
Atasanavir	400 een keer daagliks x 14 dae	33	↑ 14 (↑ 8 tot ↑ 20)	↑ 24 (↑ 21 tot ↑ 28)	↑ 22 (↑ 15 tot ↑ 30)
Didanosien (enteries-bedek)	400 een keer	25	⇔	⇔	⇔
Didanosien (gebuffer)	250 of 400 een keer daagliks x 7 dae	14	⇔	⇔	⇔
Efavirens	600 een keer daagliks x 14 dae	29	⇔	⇔	⇔
Emtrisitabien	200 een keer daagliks x 7 dae	17	⇔	⇔	⇔
Indinavir	800 drie keer daagliks x 7 dae	13	↑ 14 (↓ 3 tot ↑ 33)	⇔	⇔
Lamivudien	150 twee keer daagliks x 7 dae	15	⇔	⇔	⇔
Lopinavir/ Ritonavir	400/100 twee keer daagliks x 14 dae	24	⇔	↑ 32 (↑ 25 tot ↑ 38)	↑ 51 (↑ 37 tot ↑ 66)
Nelfinavir	1 250 twee keer daagliks x 14 dae	29	⇔	⇔	⇔
Sakinavir/ Ritonavir	1 000/100 twee keer daagliks x 14 dae	35	⇔	⇔	↑ 23 (↑ 16 tot ↑ 30)

1. Pasiënte ontvang tenofovir DF 300 mg een keer daagliks.
2. Toename = ↑; Afname = ↓; Geen effek = ⇔; NC = Nie bereken nie.
3. Reyataz S.A. voorskrifinligting (Bristol-Myers Squibb).

Tabel 5:

Geneesmiddelinteraksies: Verandering in farmakokinetiese parameters vir die gesamentlik toegediende medisyne in die teenwoordigheid van tenofovir.

Gesamentlik toegediende medisyne	Dosis van gesamentlik toegediende medisyne (mg)	N	% Verandering van gesamentlik toegediende medisyne se farmakokinetiese parameters[1] (90 % VI)		
			K_{maks}	AOK	K_{min}
Abakavir	300 een keer	8	↑ 12 (↓ 1 tot 26)	⇔	n.v.t.
Adefovir-dipivoksiel	10 een keer	22	⇔	⇔	n.v.t.
Atasanavir [2]	400 een keer daagliks x 14 dae	34	↓ 21 (↓ 27 tot ↓ 14)	↓ 25 (↓ 30 tot ↓ 19)	↓ 40 (↓ 48 tot ↓ 32)
Atasanavir	Atasanavir: Ritonavir 300/100 een keer daagliks x 42 dae	10	↓ 28 (↓ 50 tot ↑ 5)	↓ 25[3] (↓ 42 tot ↓ 3)	↓ 23[3] (↓ 46 tot ↑ 10)
Efavirens	600 een keer daagliks x 14 dae	30	⇔	⇔	⇔
Emtrisitabien	200 een keer daagliks x 7 dae	17	⇔	⇔	↑ 20 (↑ 12 tot ↑ 29)
Indinavir	800 drie keer daagliks x 7 dae	12	↓ 11 (↓ 30 tot ↑ 12)	⇔	⇔
Lamivudien	150 twee keer daagliks x 7 dae	15	↓ 24 (↓ 34 tot ↓ 12)	⇔	⇔
Lopinavir Ritonavir	Lopinavir/ Ritonavir 400/100 twee keer daagliks x 14 dae	24	⇔	⇔	⇔
Metadoon [4]	40 tot 110 een keer daagliks x 14 dae[5]	13	⇔	⇔	⇔
Nelfinavir M8- metaboliet	1 250 twee keer daagliks x 14 dae	29	⇔ ⇔	⇔ ⇔	⇔ ⇔

1. Toename =↑; Afname = ↓; Geen effek = ⇔ ; n.v.t. = Nie van toepassing nie.
2. REYATAZ S.A. voorskrifinligting (Bristol-Myers Squibb).
3. By MIV-geïnfekteerde pasiënte het die toevoeging van tenofovir DF tot atasanavir 300 mg plus ritonavir 100 mg tot AOK en K_{min} waardes van atasanavir gelei wat 2, 3 en 4- keer hoër was as die onderskeie waardes wat vir atasanavir 400 mg waargeneem is wanneer dit alleen gegee is.
4. R- (aktiewe), S- en totale metadoon blootstelling het ooreengestem, of dit nou alleen, of saam met tenofovir DF, gedoseer was.
5. Individuele proefpersone was op hulle gestabiliseerde dosis van metadoon onderhou. Daar was geen farmakodinamiese veranderings (opiaat-toksisiteit of onttrekkingsimptome of tekens) aangemeld nie.
6. Etinielestradiol 0,035 mg en 17-deasetielnorgestimaat 0,25 mg (farmakologies aktiewe metaboliet) se blootstelling was dieselfde, hetsy dit alleen of saam met tenofovir DF gedoseer was.
7. Toenames in die AOK en K_{min} sal na verwagting nie klinies relevant wees nie; gevolglik sal geen aanpassings in die dosis nodig wees as tenofovir DF en ritonavir-versterkte sakinavir saam toegedien word nie.

Na verskeie doserings aan MIV-negatiewe proefpersone wat chroniese instandhoudingsterapie met metadoon, óf orale voorbehoedmiddels, óf 'n enkele dosis van ribavirien ontvang, het die farmakokinetika van tenofovir by ewewigstoestand ooreengekom met dié wat in vorige studies waargeneem is, wat dui op 'n gebrek aan klinies belangrike interaksies tussen hierdie medisyne en die tenofovirdisoproksielfumaraat.

Kombinasies wat enige van die volgende medisynes bevat, afhangende van die hoeveelheid teenwoordig, kan ook 'n interaksie met **TYRICTEN 200/300 mg** hê. Die geneesmiddelinteraksies wat hier toegelig word, is gebaseer op studies wat met die individuele middels uitgevoer is.

Abakavir:

Gelyktydige toediening van abakavir en tenofovir het gelei tot 'n toename in die K_{maks} van abakavir.

Atasanavir en/of lopinavir/ritonavir:

Gelyktydige gebruik van atasanavir en **TYRICTEN 200/300 mg** kan lei tot hoër konsentrasies van tenofovir en afnames in die AOK en K_{min} van atasanavir. Dit word aanbeveel dat atasanavir saam met ritonavir toegedien word. Atasanavir moet nie sonder ritonavir saam met **TYRICTEN 200/300 mg** toegedien word nie.

Dit is aangetoon dat atasanavir en lopinavir/ritonavir die tenofovirkonsentrasies verhoog het. Die meganisme van die interaksie is onbekend. Moniteer pasiënte vir emtrisitabien/tenofovir-geassosieerde newe-effekte en staak **TYRICTEN 200/300 mg** by pasiënte wat hierdie newe-effekte ontwikkel.

Didanosien:

Die gesamentlike toediening van tenofovirdisoproksielfumaraat en didanosien lei tot veranderinge in die farmakokinetika van didanosien wat van kliniese betekenis kan wees. Tabel 6 is 'n opsomming van die effekte van tenofovirdisoproksielfumaraat op die farmakokinetika van didanosien. Die gelyktydige dosering van tenofovirdisoproksielfumaraat en didanosien gebufferde tablette of enteries-bedekte kapsules verhoog die K_{maks} en AOK van didanosien aansienlik.

Nadat didanosien 250 mg enteries-bedekte kapsules saam met tenofovirdisoproksielfumaraat toegedien was, was die sistemiese blootstellings van didanosien soortgelyk aan dié wat met slegs die 400 mg enteries-bedekte kapsules onder vastende kondisies waargeneem is. Die meganisme van die interaksie is onbekend.

Tabel 6:

Geneesmiddelinteraksies: Farmakokinetiese parameters vir didanosien in die teenwoordigheid van tenofovir.

Didanosien[1] dosis (mg)/ Metode van toediening[2]	Tenofovir metode van toediening[2]	N	% Verskil (90 % VI) vs. didanosien 400 mg alleen, vastend[3]	
			K_{maks}	AOK
Gebufferde tablette				
400 een keer daagliks 4 x 7 dae	Vastend vir 1 uur na didanosien	14	↑ 28 (↑ 11 tot ↑ 48)	↑ 44 (↑ 31 tot ↑ 59)
Enteries-bedekte kapsules				
400 een keer, vastend	Met voedsel, 2 h na didanosien	26	↑ 48 (↑ 25 tot ↑ 76)	↑ 48 (↑ 31 tot ↑ 67)
400 een keer, met voedsel	Gelyktydig met didanosien	26	↑ 64 (↑ 41 tot ↑ 89)	↑ 60 (↑ 44 tot ↑ 79)
250 een keer, vastend	Met voedsel, 2 h na didanosien	28	↓ 10 (↓ 22 tot ↑ 3)	⇔
250 een keer, vastend	Gelyktydig met didanosien	28	⇔	↑ 14 (0 tot ↑ 31)
250 een keer, met voedsel	Gelyktydig met didanosien	28	↓ 29 (↓ 39 tot ↓ 18)	↓ 11 (↓ 23 tot ↑ 2)

1. Sien **"WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS"** betreffende die gebruik van didanosien met tenofovir.
2. Toediening met voedsel was met 'n ligte maaltyd (~ 373 kkal, 20 % vet).
3. Toename = ↑; Afname = ↓; Geen verskil = ⇔.
4. Dit sluit in 4 proefpersone wat < 60 kg weeg, wat ddl 250 mg ontvang het.

Emtrisitabien en tenofovirdisoproksielfumaraat:

TYRICTEN 200/300 mg kombinasie is 'n vastedosis produk. Addisionele emtrisitabien of tenofovirdisoproksielfumaraat moet nie saam met die kombinasie produk gebruik word nie.

Indinavir:

Die gelyktydige toediening van indinavir en tenofovir het tot 'n toename in tenofovir K_{maks} en 'n afname in indinavir K_{maks} gelei.

Lamivudien of produkte wat lamivudien bevat:

Weens ooreenkomste tussen emtrisitabien en lamivudien moet hierdie twee middels nie saam toegedien word nie; boonop word lamivudien se K_{maks} verminder met gelyktydige toediening van tenofovir.

MENSLIKE VOORTPLANTING

Swangerskap:

Die veiligheid van **TYRICTEN 200/300 mg** tydens swangerskap en borsvoeding is nie bepaal nie.

Daar is nie voldoende of goed gekontroleerde navorsingstudies by swanger vrouens nie. **TYRICTEN 200/300** moet nie by swangerskap gebruik word nie (sien **"KONTRA-INDIKASIES"**).

'n Betroubare metode van voorbehoeding moet gebruik word om swangerskap te vermy terwyl **TYRICTEN 200/300 mg** geneem word.

Borsvoeding:

Moeders wat met MIV geïnfekteer is, moet nie hulle babas borsvoed nie, om oordrag van MIV na die geboorte te voorkom.

Studies by rotte het aangedui dat tenofovir in melk uitgeskei word. Dit is nie bekend of tenofovir in mensmelk uitgeskei word nie. Dit is nie bekend of emtrisitabien in mensmelk uitgeskei word nie.

Vanweë die moontlikheid van MIV- oordrag en die moontlikheid van ernstige newe-effekte by babas wat borsvoeding kry, moet moeders wat TYRICTEN 200/300 mg ontvang, ingelig word om nie hulle babas te borsvoed nie.

DOSERING EN GEBRUIKSAANWYSINGS

Dosering by volwassenes vir die behandeling van MIV-1 infeksie:

Die dosis van **TYRICTEN 200/300 mg** is een tablet (wat 200 mg emtrisitabien en 300 mg tenofovirdisoproksielfumaraat bevat) een keer daagliks, mondeliks geneem, met of sonder kos.

Dosering vir Pre-Blootstelling Profilakse:

Die dosis van **TYRICTEN 200/300 mg** by volwassenes wat nie met MIV-1 geïnfekteer is nie, is een tablet (wat 200 mg emtrisitabien en 300 mg tenofovirdisoproksielfumaraat bevat) een keer daagliks, mondeliks geneem, met of sonder kos.

'n Aansienlike toename in blootstelling aan die medisyne het voorgekom nadat **TYRICTEN 200/300 mg** aan pasiënte met matig tot erg verswakte nierfunksie toegedien is (sien **"KONTRA-INDIKASIES"**).

Roetine monitering van die berekende kreatinienopruiming en serumfosfor moet by alle pasiënte uitgevoer word (sien **"KONTRA-INDIKASIES"**, **"WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS"**, **"Nierontoereikendheid"**).

NEWE-EFFEKTE

Newe-effekte aangemeld vir TYRICTEN 200/300 mg:

Bloed- en limfstelselafwykings:
Dikwels: Neutropenie.
Frekwensie onbekend: Anemie.

Immuunstelselafwykings:
Dikwels: Allergiese reaksie, waaronder angio-edeem.

Metabolisme en voedingsafwykings:
Dikwels: Hipertrigliseridemie, hiperglukemie.
Frekwensie onbekend: Hipofosfatemie, melksuurasidose, hipokalemie.

Psigiatriese afwykings:
Dikwels: Slaaploosheid, abnormale drome, depressie.

Senuweestelselafwykings:
Dikwels: Duiseligheid, hoofpyn, neuritis, parestesie, perifere neuropatie.

Respiratoriese-, bors en mediastinale afwykings:
Dikwels: Dispnee, toename in hoes, rinitis, borspyn, pneumonie.

Gastroïntestinale afwykings:
Dikwels: Diarree, naarheid, braking, winderigheid, sooibrand, buikpyn, verhoogde amilase, verhoogde lipase.
Frekwensie onbekend: Pankreatitis.

Hepatobiliêre afwykings:
Dikwels: Hiperbilirubinemie, verhoogde lewerensieme (waaronder verhoogde AST, verhoogde ALT en/of gamma-GT).
Frekwensie onbekend: Hepatitis, hepatiese steatose.

Vel- en subkutane weefselafwykings:
Dikwels: Uitslag gebeure (uitslag, pruritus, makulopapulêre uitslag, urtikarie, blaasagtige veluitslag, pustulêre uitslag), velverkleuring, hiperpigmentasie.

Muskuloskeletale-, bindweefsel en beenafwykings:
Dikwels: Kreatienkinase verhoog.
Frekwensie onbekend: Miopatie, osteomalasie (beide geassosieer met proksimale renale tubulopatie), rabdomiolise, spierswakheid.

Nier- en urienwegafwykings:
Frekwensie onbekend: Verhoogde kreatinien, renale ontoereikendheid, nierversaking, akute nierversaking, Fanconi se sindroom, proksimale tubulopatie, nefrogeniese diabetes insipidus, proteïenurie, akute tubulêre nekrose, poliurie, interstisiële nefritis (waaronder ook akute gevalle).

Algemene siektes en toestande by die plek van toediening:
Dikwels: Pyn, astenie, koors, sweet, gewigsverlies.

Newe-effekte wat vir emtrisitabien (200 mg) aangemeld is:

Senuweestelselafwykings:
Frekwensie onbekend: Depressie, neuropatie, perifere neuritis, parestesie.

Muskuloskeletale-, bindweefsel en beenafwykings:
Frekwensie onbekend: Artralgie, mialgie.

Respiratoriese-, bors en mediastinale afwykings:
Frekwensie onbekend: Hoes en rinitis neem toe.

Newe-effekte aangemeld vir Tenofovir (300 mg):

Gastroïntestinale afwykings:
Dikwels: Anoreksie.

Senuweestelselafwykings:
Frekwensie onbekend: Depressie, perifere neuropatie (waaronder perifere neuritis en neuropatie), angs.

Muskuloskeletale-, bindweefsel en beenafwykings:
Frekwensie onbekend: Rugpyn, mialgie, artralgie.

Respiratoriese-, bors en mediastinale afwykings:
Frekwensie onbekend: Borspyn, pneumonie.

Nier- en urienwegafwykings:
Frekwensie onbekend: Hematurie.

Algemene siektes en toestande by die plek van toediening:
Frekwensie onbekend: Koors, sweet, gewigsverlies.

BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VAN DIE BEHANDELING DAARVAN

By oordosis sal die newe-effekte vererger en oordrewe reaksies sal volg.

Indien oordosis voorkom moet die pasiënt vir tekens van toksisiteit gemoniteer word, en standaard ondersteunende behandeling moet soos nodig toegepas word.

Emtrisitabien: Daar bestaan beperkte kliniese ondervinding by dosisse wat hoër is as die terapeutiese dosis van emtrisitabien (200 mg).

Hemodialise verwyder ongeveer 30 % van die emtrisitabien dosis oor 'n 3-uur dialiseperiode, met aanvang binne 1,5 uur na dosering met emtrisitabien, (bloedvloei tempo van 400 ml/min en dialise vloeitempo van 600 ml/min). Dit is nie bekend of emtrisitabien met peritoneale dialise verwyder kan word nie.

Tenofovirdisoproksielfumaraat: Daar bestaan beperkte kliniese ondervinding by dosisse wat hoër is as die terapeutiese dosis van tenofovir 300 mg. Die effekte van hoër dosisse is nie bekend nie. Tenofovir word swak deur hemodialise verwyder. Na 'n enkeldosis van 300 mg tenofovir DF het 'n hemodialise sessie van 4 uur ongeveer 10 % van die toegediende dosis van tenofovir verwyder.

IDENTIFIKASIE

Wit tot naaswit, gemodifiseerde kapsuulvormige, filmbedekte tablette, met "I" op die een kant en "37" op die ander kant gedruk.

AANBIEDING

HDPE Houerverpakking:

Tablette word in wit, ondeursigtige, ronde HDPE houers met 'n 38 mm wit ondeursigtige polipropileen peuterbestande sluiting met 'n prop met 'n induksieseëlvoering, wat een 3 g silikajelsakkie bevat, verpak. Die HDPE houer sal verder verpak word in 'n voorafgedrukte karton met 'n verpakkingsbiljet.

Pakgrootte: 30's - Een HDPE-houer bevat 30 tablette.

BEWARINGSINSTRUKSIES

Bewaar by of benede 30 °C. Hou die houer dig toe.

Moet nie gebruik as die seël wat die houer bedek gebreek is, of nie teenwoordig is nie.

HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS.

REGISTRASIENOMMER

44/20.2.8/0086

NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE SERTIFIKAAT VAN REGISTRASIE

Novagen Pharma (Pty) Ltd
Kantoor 2, Sovereignrylaan 100
Route 21 Corporate Park
Nellmapiusrylaan
Irene – Pretoria
Suid-Afrika

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN DIE PROFESSIONELE INLIGTING

Datum van registrasie: 12 September 2012
Datum van kennisgewing aangaande gewysigde Reg. 9 en 10: 02 Februarie 2015
Datum van die laaste hersiening van die teks soos goedgekeur deur die Raad: 6 April 2017

P1519793

PASIËNTINLIGTINGSBILJET

SKEDULERINGSTATUS

S4

EIENDOMSNAAM, STERKTE EN FARMASEUTIESE VORM

TYRICTEN 200/300 mg (Emtrisitabien/Tenofovirdisoproksielfumaraat) Tablet

Lees die hele biljet deeglik deur voordat jy TYRICTEN 200/300 mg begin neem.

- Hou hierdie biljet. Dit is moontlik dat jy dit weer sal wil deurlees.
- Indien jy nog vrae het, raadpleeg asseblief jou dokter of apteker.
- **TYRICTEN 200/300 mg** is vir jou persoonlik voorgeskryf en jy moet nie jou medisyne met ander mense deel nie. Dit kan skadelik vir hulle wees, selfs al is hulle simptome dieselfde as joune.

WAARSKUWING

TYRICTEN 200/300 mg KAN LEI TOT ERNSTIGE PROBLEME MET JOU LEWER, OF TE VEEL SUUR IN JOU BLOED VEROORSAAK. INDIEN DIT NIE BEHANDEL WORD NIE, KAN DIT DOOD VEROORSAAK (SIEN "WEES VERSIGTIG MET TYRICTEN 200/300 mg").

TYRICTEN 200/300 mg WORD NIE VIR DIE BEHANDELING VAN CHRONIESE HEPATITIS B-VIRUS (HBV) AANGEDUI NIE EN DIE VEILIGHEID EN DOELTREFFENDHEID VAN TYRICTEN 200/300 mg IS NIE BY PASIËNTE WAT BEIDE MET MENS-IMMUUNGEBREKVIRUS (MIV) EN HEPATITIS B-VIRUS (HBV) BESMET IS, VASGESTEL NIE. JY MOET VIR ETLIKE MAANDE LANK ONDER DEEGLIKE TOESIG VAN JOU DOKTER WEES AS JY DIE GEBRUIK VAN TYRICTEN 200/300 mg STAAK EN JY MET BEIDE HBV EN MIV BESMET IS. INDIEN GEPAS, SAL JOU DOKTER DALK ANTI-HEPATITIS B BEHANDELING VOORSKRYF.

TYRICTEN 200/300 mg GEBRUIK VIR PRE-BLOOTSTELLING PROFILAKSE (PrEP) SAL SLEGS AAN JOU VOORGESKRYF WORD AS DIT BEVESTIG KON WORD DAT JY HIV-NEGATIEF IS, ONMIDDELLIK VOOR JY BEGIN OM TYRICTEN 200/300 mg TE GEBRUIK EN TEN MINSTE EEN KEER ELKE 3 MAANDE TERWYL JY TYRICTEN 200/300 mg GEBRUIK.

JY MOET NIE TYRICTEN 200/300 mg VIR PRE-BLOOTSTELLING PROFILAKSE (PrEP) NEEM AS JY TEKENS OF SIMPTOME VAN AKUTE MIV-1 INFEKSIE HET NIE, TENSY 'n NEGATIEWE INFEKSIESTATUS BEVESTIG IS.

INDIEN JY ALREEDS MIV HET, OF MIV OPDOEN EN JY NEEM TYRICTEN 200/300 mg VIR PRE-BLOOTSTELLING PROFILAKSE (PrEP), KAN DIE MIV VIRUS WEERSTANDIGHEID TEEN TYRICTEN 200/300 mg ONTWIKKEL EN MOEILIKER WORD OM TE BEHANDEL.

1. WAT TYRICTEN 200/300 mg BEVAT

Die aktiewe bestanddele is emtrisitabien en tenofovirdisoproksielfumaraat.

Elke filmbedekte tablet bevat 200 mg emtrisitabien en 300 mg tenofovirdisoproksielfumaraat.

Die ander bestanddele is: Natriumkroskarmellose, magnesiumstearaat, mikrokristallyne sellulose, pre-gelatineerde stysel en Opadry II Wit 32K18425 IH.

Die Opadry II Wit 32K18425 IH bevat: Hipromellose, laktosemonohidraat, titaandioksied (C.I. No: 77891), en triasetien.

Die tablette bevat suiker: Laktosemonohidraat 92,2 mg.

Belangrike inligting oor sommige bestanddele van TYRICTEN 200/300 mg

TYRICTEN 200/300 mg bevat laktose. Pasiënte met die rare oorerflike kondisies van laktose of galaktose intoleransie moet nie **TYRICTEN 200/300 mg** neem nie.

Laktose kan 'n effek hê op die beheer van u bloedsuiker indien u diabetes mellitus het.

2. WAARVOOR TYRICTEN 200/300 mg GEBRUIK WORD

TYRICTEN 200/300 mg is 'n tipe medisyne wat bekend staan as 'n MIV (Mens-Immuungebrek-Virus) nukleosiedanaloog trutranskriptaseremmer (NRTI). **TYRICTEN 200/300 mg** bevat twee aktiewe bestanddele, emtrisitabien (200 mg) en tenofovirdisoproksielfumaraat (of tenofovir DF) (300 mg), gekombineer in een tablet.

Elkeen van hierdie aktiewe bestanddele, ook bekend as antiretrovirale medisyne, werk deur in te gryp op 'n ensiem (trutranskriptase) wat noodsaaklik is vir die virus om te vermenigvuldig.

BEHANDELING MET TYRICTEN 200/300 mg VOORKOM NIE OORDRAG VAN MIV NIE.

Vir die behandeling van MIV-infeksie:

TYRICTEN 200/300 mg word gebruik by volwassenes in kombinasie met ander medisyne teen MIV, om mense met MIV-infeksie te behandel.

Behandeling vir Pre-Blootstelling Profilakse (PrEP)

Om by volwassenes die risiko om MIV-1 op te doen te verminder, moet **TYRICTEN 200/300 mg** streng in kombinasie met veiliger sekspraktyke gebruik word en moet daar ook te alle tye streng gehou word by die gebruik daarvan. Dit staan bekend as Pre-Blootstelling Profilakse, of PrEP.

3. VOORDAT JY TYRICTEN 200/300 mg NEEM

Moenie TYRICTEN 200/300 mg neem nie:

- As jy hipersensitief (allergies) is vir emtrisitabien, tenofovirdisoproksielfumaraat, of vir enige van die ander bestanddele van **TYRICTEN 200/300 mg** nie.
- Indien jy nierprobleme het, of as jy dialise ondergaan.
- Indien jy swanger is of borsvoed.
- Indien jy reeds ander medisyne neem wat tenofovir of emtrisitabien bevat, of medisyne wat lamivudien bevat, want hierdie medisyne bevat dieselfde of vergelykbare aktiewe bestanddele.
- Indien jy 'n vrou is wat **TYRICTEN 200/300 mg** neem om MIV-infeksie te voorkom en jy swanger raak terwyl jy **TYRICTEN 200/300 mg** neem**.**
- Indien jy MIV-positief is, of as jou MIV status nie bekend is nie, moet jy nie **TYRICTEN 200/300 mg** neem om MIV-infeksie te voorkom nie.
- Indien jy nie volkome toegewy is aan die daaglikse gebruik van **TYRICTEN 200/300 mg** vir Pre-Blootstelling Profilakse nie.

Sien die afdeling "WAARVOOR TYRICTEN 200/300 mg GEBRUIK WORD" en praat met jou gesondheidsorgkundige om meer inligting te kry oor hoe om MIV-infeksie te voorkom.

Wees versigtig met TYRICTEN 200/300 mg:

TYRICTEN 200/300 mg kan lei tot ernstige probleme met jou lewer, of te veel suur in jou bloed veroorsaak. Indien dit nie behandel word nie, kan dit die dood veroorsaak. Die veiligheid en doeltreffendheid van TYRICTEN 200/300 mg is nie by pasiënte wat beide die mens-immuungebrekvirus (MIV) en hepatitis B-virus (HBV) besmet is, vasgestel nie. TYRICTEN 200/300 mg moet nie gebruik word vir die behandeling van chroniese HBV-infeksie nie. Jy moet vir etlike maande lank onder deeglike toesig van jou dokter wees as jy die HBV-infeksie het en jy die gebruik van TYRICTEN 200/300 mg staak.

- **TYRICTEN 200/300** kan melksuurasidose veroorsaak, wat tesame met 'n vergrote lewer, noodlottig kan wees. Diep, vinnige asemhaling, lomerigheid, en nie-spesifieke simptome soos naarheid, braking en maagpyn kan dui op die ontwikkeling van melksuurasidose. Melksuurasidose kom meer dikwels by vrouens voor, veral as hulle oorgewig is.
  Lig jou dokter in as jy lewersiekte het (waaronder hepatitis B). **TYRICTEN 200/300 mg** moet nie gebruik word om hepatitis B virusinfeksie (HBV; 'n voortslepende lewerinfeksie) te behandel nie. Lig jou dokter in as HBV het, of dink dat jy dit kan hê. Jou dokter kan jou toets om te sien of jy HBV het, voordat jy begin met jou behandeling met **TYRICTEN 200/300 mg**. Indien jy HBV het en jy neem **TYRICTEN 200/300 mg**, kan jou toestand skielik versleg as jy ophou om **TYRICTEN 200/300 mg** te neem. Jou dokter sal jou ondersoek en gereeld laboratoriumtoetse aanvra vir etlike maande nadat jy opgehou het om **TYRICTEN 200/300 mg** te neem, om te sien of jou HBV erger geword het.
  Lig jou dokter in as jy 'n niersiekte het, of as toetse wys dat jy nierprobleme het. **TYRICTEN 200/300 mg** kan jou niere aantas. Voordat jy behandeling begin, kan jou dokter bloedtoetse aanvra om die werking van jou niere te bepaal. Jou dokter kan ook bloedtoetse aanvra tydens die behandeling om jou niere te moniteer.
- **TYRICTEN 200/300 mg** word gewoonlik nie saam met ander medisyne geneem wat jou niere kan beskadig nie. Indien dit onvermydelik is, sal jou dokter jou nierfunksie moniteer.
- Beenprobleme: Sommige pasiënte wat kombinasie antiretrovirale behandeling kry, kan 'n beensiekte ontwikkel. Jou dokter kan oorweeg om jou bene dop te hou as jy 'n geskiedenis het van 'n beenbreuk, of 'n risiko loop vir osteopenie ('n toestand waar die beenmineraaldigtheid laer is as die normale).
- **TYRICTEN 200/300 mg** kan jou liggaamsvorm verander, deur die manier waarop die liggaamsvet versprei word, te verander. Jy kan vet uit jou bene, arms en gesig verloor; vet om die maag en inwendige organe aanpak; groter borste kry, of vetagtige bulte agter op die nek (buffelskof). Die oorsaak en langtermyneffek van hierdie veranderinge is nog nie bekend nie.
- **TYRICTEN 200/300 mg** is nie bestudeer by pasiënte ouer as 65 jaar nie. Indien jy ouer as dit is en **TYRICTEN 200/300 mg** aan jou voorgeskryf word, sal jou dokter deeglik toesig oor jou hou.
- Die veiligheid en doeltreffendheid van **TYRICTEN 200/300 mg** is nie by kinders en adolessente bepaal nie.
- Enige kind wat al in die baarmoeder aan **TYRICTEN 200/300 mg** blootgestel word, selfs MIV-negatiewe kinders, moet klinies en met laboratoriumtoetse opgevolg word en moet volledig ondersoek word vir moontlike mitochondriese disfunksie.
- Wees bedag op infeksies. Indien jy gevorderde MIV-infeksie (VIGS) het en 'n infeksie ontwikkel, kan jy simptome van infeksie of ontsteking, of agteruitgang van simptome, of 'n bestaande infeksie ontwikkel sodra behandeling met **TYRICTEN 200/300 mg** begin word. Indien jy tekens van ontsteking of infeksie opmerk, sê dadelik jou dokter daarvan.
- Indien jy ander medisyne neem, want **TYRICTEN 200/300 mg** kan 'n interaksie met ander medisyne hê.
- Indien jy diabeties of oorgewig is, of as jy hoë cholesterol het, praat met jou dokter daaroor.

Ander belangrike inligting waarvan jy moet weet voordat jy begin met TYRICTEN 200/300 mg vir die behandeling van MIV-1:

- Jy moet deurentyd op MIV behandeling bly om MIV-infeksie te beheer en om MIV-verwante siektes te verminder.
- **TYRICTEN 200/300 mg genees nie MIV nie**. Indien jy alreeds MIV het, of MIV opdoen en jy neem slegs **TYRICTEN 200/300 mg** sonder enige ander medisyne, kan jy weerstandigheid teen **TYRICTEN 200/300 mg** ontwikkel. Dit beteken dat dit moeiliker kan word om die MIV virus te behandel.
- **TYRICTEN 200/300 mg** verminder nie jou kans om MIV deur seksuele kontak, deel van naalde, of blootstelling aan jou bloed, aan ander mense oor te dra nie. Vir jou gesondheid en die gesondheid van ander mense is dit belangrik dat jy altyd veilige seks beoefen.
- Jy kan steeds opportunistiese infeksies kry, of ander siektetoestande opdoen wat met MIV-infeksie gebeur. Opportunistiese infeksies is infeksies wat ontwikkel omdat die immuunstelsel swak is.

Sommige van hierdie siektetoestande is verskillende vorms van tuberkulose infeksie, 'n vorm van longontsteking, herpes virusinfeksies en 'n vorm van meningitis (infeksie van die beskermende membrane om die brein en rugmurg).

Ander belangrike inligting om van kennis te neem voordat jy TYRICTEN 200/300 mg neem, om te help keer dat jy MIV kry:

- **Jy moet getoets word om seker te maak jy is MIV-negatief.** Dit is belangrik dat jy ook ten minste elke 3 maande, soos aanbeveel deur jou gesondheidsorgkundige, getoets word terwyl jy **TYRICTEN 200/300 mg** neem. Vra jou seksuele vennoot om ook getoets te word. Wees bewus van die MIV status van jou vennoot.
- **TYRICTEN 200/300 mg** sal moontlik nie altyd verhoed dat jy MIV kry nie.
- **Jy moet steeds ten alle tye veilige seks beoefen. Moenie enige soort seks sonder beskerming hê nie.** Beoefen altyd veilige seks deur 'n lateks of poliuretaan kondoom te gebruik om die kans vir seksuele kontak met semen, vaginale sekresies of bloed, te verlaag.
- **Jy moet ook ander metodes van voorbehoeding gebruik om te keer dat jy MIV kry.**
- Kry inligting daaroor en ondersteuning om te help om riskante seksuele gedrag te verminder.
- Beperk die aantal seksuele vennote.
- **Moenie enige dosisse TYRICTEN 200/300 mg oorslaan nie. As jy dosisse oorslaan verhoog jy jou kans om MIV op te doen.**

Ander belangrike inligting om van kennis te neem voordat jy TYRICTEN 200/300 mg neem, om te help keer dat jy MIV opdoen, of om meer te weet oor die MIV-1 behandeling:

Vermy aktiwiteite wat jou risiko van die verspreiding van MIV-infeksie aan ander mense kan verhoog as jy met MIV besmet is, of wat jou risiko vir die verkryging van MIV kan verhoog, as jy **TYRICTEN 200/300 mg** vir voorkoming neem.

Dit behels:

- Moenie naalde of ander toerusting vir inspuiting deel of hergebruik nie.
- Moenie persoonlike items wat bloed of liggaamsvloeistowwe bevat, soos tandeborsels of skeermeslemmetjies, deel nie.
- Moenie enige soort seks sonder beskerming hê nie. Beoefen altyd veilige seks deur 'n lateks of poliuretaan kondoom te gebruik om die kans vir seksuele kontak met semen, vaginale sekresies of bloed, te verlaag.

Lig jou gesondheidsorgkundige in as jy enige van die volgende simptome oor die afgelope maand gehad het, voordat jy begin om **TYRICTEN 200/300 mg** te neem, of te eniger tyd terwyl jy **TYRICTEN 200/300 mg** neem:

- moegheid
- koors
- sweet baie (veral snags)
- uitslag
- braking
- diarree
- pyn in die gewrigte of spiere
- hoofpyn
- seer keel
- vergrote limfknope in die nek of lies.

Dit kan tekens wees van MIV- infeksie en dit kan nodig wees dat jy nog 'n toets moet ondergaan om MIV te diagnoseer.

Lig ook jou gesondheidsorgkundige in as jy dink dat jy onlangs aan die MIV virus blootgestel is. Indien jy reeds **TYRICTEN 200/300 mg** neem om te verhoed dat jy MIV-1 infeksie kry, kan jou gesondheidsorgkundige jou aanraai om op te hou om **TYRICTEN 200/300 mg** te neem, totdat 'n MIV-toets bevestig het dat jy nie MIV-1 infeksie het nie.

Neem van TYRICTEN 200/300 mg met kos en vloeistof:

TYRICTEN 200/300 mg kan met of sonder voedsel geneem word. Neem **TYRICTEN 200/300 mg** elke dag op dieselfde tyd.

Swangerskap en borsvoeding:

- Jy moet nie **TYRICTEN 200/300 mg** tydens swangerskap neem nie. Die effek van **TYRICTEN 200/300 mg** op swanger vrouens of hulle ongebore babas is onbekend.
- 'n Betroubare metode van voorbehoeding moet gebruik word om swangerskap te vermy terwyl **TYRICTEN 200/300 mg** geneem word.
- Moenie borsvoed tydens behandeling met **TYRICTEN 200/300 mg** nie. Moenie borsvoed as jy MIV het nie. Dit is nie bekend of die aktiewe bestanddele in hierdie medisyne in die borsmelk uitgeskei word nie. Indien jy 'n vrou is wat 'n baba het, of gaan hê, praat met jou gesondheidsorgkundige oor die beste manier om jou baba te voed.
- Indien jy 'n vrou is wat MIV het word dit aanbeveel dat jy nie borsvoed nie, om te voorkom dat jy die virus deur die borsmelk aan jou baba oordra. Indien jou baba nie reeds MIV het nie, is daar 'n kans dat die baba MIV deur borsvoeding kan kry.

Indien jy swanger is, of jou baba borsvoed, raadpleeg asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgkundige vir advies voordat jy **TYRICTEN 200/300 mg** neem.

Bestuur en gebruik van masjinerie:

TYRICTEN 200/300 mg kan duiseligheid veroorsaak. Moenie bestuur of enige gereedskap of masjinerie gebruik as jy duiselig voel nie.

Neem van ander medisyne saam met TYRICTEN 200/300 mg:

Lig altyd jou gesondheidsorgkundige in as jy enige ander medisyne neem. (Dit sluit komplementêre of tradisionele medisynes in.)

- Jy moet nie **TYRICTEN 200/300 mg** neem as jy reeds ander medisyne neem wat emtrisitabien, tenofovirdisoproksielfumaraat of lamivudien bevat nie. **TYRICTEN 200/300 mg moet nie saam met dié medisyne gebruik word nie, omdat hulle dieselfde of soortgelyke aktiewe bestanddele as TYRICTEN 200/300 mg bevat (sien "MOENIE TYRICTEN 200/300 mg NEEM NIE").**
- Lig jou dokter in as jy atasanavir en/of lopinavir/ritonavir neem: As jy enige van hierdie medisyne neem, sal jou dokter jou behandeling meer noukeurig wil dophou en dit is moontlik dat jy nie **TYRICTEN 200/300 mg** sal kan gebruik nie.
- Lig jou dokter in as jy enige medisyne neem wat didanosien (vir MIV-infeksie) bevat. As jy **TYRICTEN 200/300 mg** saam met ander antivirale medisynes neem wat didanosien bevat, sal dit die konsentrasie van didanosien in jou bloed verhoog. Ontsteking van die pankreas en neuropatie (senuwee-aantasting) kan voorkom. Jou dokter sal sorgvuldig oorweeg om jou met kombinasies van tenofovir en didanosien te behandel.

Lig jou dokter in as jy enige ander medisyne neem wat jou nierfunksie kan verswak. 'n Paar voorbeelde is, onder andere, adefovirdipivoksiel, sidofovir, asiklovir, valasiklovir, gansiklovir en valgansiklovir.

Hou volledig rekord van al die medisyne wat jy neem. Maak 'n nuwe lysie as daar van die medisyne bygevoeg of gestaak word. Gee elke keer wat jy 'n gesondheidsorgkundige of apteker besoek, of 'n voorskrif vir medisyne ingee, aan hulle 'n afskrif van hierdie lys.

4. HOE OM TYRICTEN 200/300 mg TE NEEM

Moenie medisyne wat vir jou voorgeskryf is met 'n ander persoon deel nie.

Neem **TYRICTEN 200/300 mg** altyd presies soos jou dokter dit vir jou voorgeskryf het. As jy onseker is, vra jou dokter of apteker. Indien jy die indruk kry dat die effek van **TYRICTEN 200/300 mg** te sterk of te swak is, lig jou dokter of apteker in.

Aanbevole dosering van TYRICTEN 200/300 mg:

Die gewone volwasse dosis is een tablet een keer daagliks, met of sonder kos geneem. Neem **TYRICTEN 200/300 mg** elke dag op dieselfde tyd.

Behandeling van MIV:

As jy **TYRICTEN 200/300 mg** vir die behandeling van MIV-infeksie neem, moet dit in kombinasie met ander anti-MIV-medisyne gebruik word.

Voorkoming van MIV:

Indien jy TYRICTEN 200/300 mg neem om die risiko vir MIV-1 te verminder, moet jy ook ander metodes gebruik om jou risiko vir MIV te verminder. Sien "Wees versigtig met TYRICTEN 200/300 mg".

Jou dokter sal jou inlig hoe lank jou behandeling met **TYRICTEN 200/300 mg** sal aanhou. Moenie jou behandeling voortydig staak nie.

Indien jy meer TYRICTEN 200/300 mg geneem het as wat jy moes:

In die geval van 'n oordosering, raadpleeg jou dokter of apteker. Indien geeneen beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifbeheersentrum.

Indien jy vergeet om TYRICTEN 200/300 mg te neem:

Dit is belangrik dat jy nie enige dosisse oorslaan nie. As jy vergeet het om 'n dosis te neem, neem dit sodra jy daarvan onthou en gaan aan soos voorheen. Moenie 'n dubbele dosis neem om op te maak vir vergete individuele dosisse nie. Kontak jou gesondheidsorgkundige of apteker as jy nie seker is wat om te doen nie. Moenie meer as een **TYRICTEN 200/300 mg** op 'n dag neem nie.

Effekte wanneer behandeling met TYRICTEN 200/300 gestaak word

Jy moet nie jou behandeling staak nie, tensy jou dokter so sê nie. Wanneer jou voorraad **TYRICTEN 200/300 mg** laag raak, vul dit aan by jou gesondheidsorgkundige of apteek. Dit is baie belangrik, want die aantal virusse in jou bloed kan vermeerder as die medisyne selfs vir 'n kort rukkie gestaak word. Die virus kan weerstandigheid tot **TYRICTEN 200/300 mg** ontwikkel en moeilik raak om te behandel.

5. MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE

TYRICTEN 200/300 mg kan newe-effekte hê.

Nie alle newe-effekte wat vir **TYRICTEN 200/300 mg** aangemeld is, word in hierdie biljet genoem nie. Indien jou algemene gesondheid agteruitgaan of jy enige ongunstige effekte ervaar terwyl jy **TYRICTEN 200/300 mg** neem, raadpleeg asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgkundige vir advies.

Indien enige van die volgende gebeur, staak TYRICTEN 200/300 mg en lig dadelik jou dokter in, of gaan na die ongevalle-afdeling by jou naaste hospitaal:

- Swelling van die hande, voete, enkels, gesig, lippe, mond of keel, wat probleme om te sluk of asem te haal kan veroorsaak (angio-edeem);
- uitslag of jeuk;
- floute.

Hierdie is almal baie ernstige newe-effekte. Indien jy dit ervaar, kan jy moontlik 'n ernstige allergiese reaksie op **TYRICTEN 200/300 mg** ervaar. Jy kan dringende mediese aandag of hospitalisering benodig.

Lig jou dokter dadelik in as jy enige van die volgende tekens waarneem, of gaan na die ongevalle-afdeling by jou naaste hospitaal:

- Moeilike asemhaling;
- minder urine as normaalweg;
- tekens of simptome van melksuurasidose (opbou van suur in die bloed) bv. jy voel swak of moeg, jy het ongewone spierpyn, jy haal moeilik asem, jy het maagpyn met naarheid en braking, jy voel koud (veral in jou arms en bene), duiselig en lighoofdig en het 'n vinnige of onreëlmatige hartklop;
- tekens of simptome van ernstige lewerprobleme, bv. die vel of oogwitte word geel (geelsug), urine word donker gekleurd, stoelgange word lig gekleurd, jy voel siek op jou maag (naarheid), jy het laer maagpyn (buikpyn) en voel vir 'n paar dae of langer nie lus om te eet nie;
- tekens van versagting van die bene (beenpyn en soms lei dit tot beenbreuke).

Hierdie is almal ernstige newe-effekte. Jy kan dringende mediese aandag benodig.

Lig jou dokter in as jy enige van die volgende waarneem:

Die volgende newe-effekte is dikwels aangemeld:

- Maagpyn;
- pyn;
- abnormale fisiese swakheid of gebrek aan energie;
- diarree;
- hoofpyn;
- spelde-en-naalde gevoel; ontsteking van die senuwees wat pyn veroorsaak;
- hoes meer, loopneus, pneumonie (longinfeksie);
- borspyn;
- naarheid (naar gevoel), braking;
- duiseligheid;
- probleme om te slaap, abnormale drome, depressiewe gemoedstoestand;
- probleme met spysvertering wat lei tot ongemak na maaltye, opgeblase gevoel, winderigheid;
- uitslag (waaronder rooi kolle of vlekke, soms met blase en swelling van die vel wat allergiese reaksies kan wees), jeuk, veranderinge in velkleur insluitend donker vlekke op die vel;
- ander allergiese reaksies bv. hyging, swelling of lighoofdigheid;
- koors, sweet, gewigsverlies;
- eetstoornis.

Bloedtoetse kan ook toon:

- 'n Lae witbloedseltelling ('n lae witbloedseltelling kan jou meer vatbaar maak vir infeksie);
- verhoogde trigliseriede (vetsure), gal of suiker in die bloed;
- verhoogde kreatienkinase ('n ensiem wat geproduseer word deur die afbraak van jou spiere);
- verhoogde amilase of lipase in die bloed;
- verhoogde lewerensieme.

Die volgende newe-effekte is aangemeld, maar die voorkoms is onbekend:

- Rugpyn, veroorsaak deur nierprobleme;
- anemie (lae rooibloedseltelling), wat simptome kan insluit soos moegheid, bleek vel, kortasem, lighoofdigheid, duiseligheid, of 'n vinnige hartklop;
- afbraak van spiere, spierpyn of swakheid wat kan voorkom vanweë beskadiging aan die selle in die nierbuisies;
- ontsteking van die pankreas wat heel dikwels begin met buikpyn in die middel of linker-boonste deel van die buik, en wat erger kan word na etes, of as jy plat op jou rug lê.

Bloed- en urientoetse kan ook toon:

- Afnames in kalium in die bloed;
- afnames in fosfaat in die bloed;
- verhoogde kreatinien in jou bloed;
- veranderinge in jou urine.

Hierdie lys van newe-effekte is nie volledig nie. Indien jy vrae het oor newe-effekte, praat met jou gesondheidsorgkundige. Jy moet enige nuwe of aanhoudende simptome dadelik aan jou gesondheidsorgkundige meedeel. Jou gesondheidsorgkundige kan jou help om hierdie newe-effekte te beheer. Indien jy enige newe-effekte waarneem wat nie in hierdie biljet vermeld word nie, lig jou dokter of apteker in.

6. BEWARING EN WEGDOENING VAN TYRICTEN 200/300 mg

Bewaar teen of benede 30 °C (kamertemperatuur). Hou die houer dig toe.

Moenie gebruik as die seël wat die houer bedek, gebreek of nie teenwoordig is nie.

HOU ALLE MEDISYNE BUITE BEREIK VAN KINDERS.

Neem alle ongebruikte medisyne terug na jou apteker.

Moenie ongebruikte medisyne in afvoerpype of rioolstelsels (bv. toilette) gooi nie.

7. AANBIEDING VAN TYRICTEN 200/300 mg

HDPE verpakking:

Tablette word in wit, ondeursigtige, ronde HDPE houers met 'n 38 mm wit ondeursigtige polipropileen peuterbestande sluiting met 'n prop met 'n induksieseëlvoering, wat een 3 g silikajelsakkie bevat, verpak.

Die HDPE houer sal verder verpak word in 'n voorafgedrukte karton met 'n verpakkingsbiljet.

Pakgrootte: 30's - Een HDPE-houer bevat 30 tablette.

8. IDENTIFIKASIE VAN TYRICTEN 200/300 mg

Wit tot naaswit, gemodifiseerde kapsuulvormige, filmbedekte tablette, met "I" op die een kant en "37" op die ander kant gedruk.

9. REGISTRASIENOMMER

44/20.2.8/0086

10. NAAM, BESIGHEIDSADRES EN TELEFOONNOMMER VAN DIE HOUER VAN DIE SERTIFIKAAT VAN REGISTRASIE

Novagen Pharma (Pty) Ltd
Kantoor 2, Sovereignrylaan 100
Route 21 Corporate Park
Nellmapiusrylaan
Irene – Pretoria
Suid-Afrika
Tel.: +27 (12) 345 3175

11. DATUM VAN PUBLIKASIE

Datum van registrasie: 12 September 2012
Datum van kennisgewing aangaande gewysigde Reg. 9 en 10: 2 Februarie 2015
Datum van mees onlangse goedkeuring deur die Raad: 6 April 2017